Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Om die ongehoorde te sê

Skriflesing: Markus 8:31-38

Broodjies vir die pad

"Let us be grateful to the people who make us happy; they are the charming gardeners who make our souls blossom."
— Marcel Proust

"To learn one must be humble. But life is the great teacher."
— James Joyce, Ulysses

"People who've had any genuine spiritual experience always know that they don't know. They are utterly humbled before mystery. They are in awe before the abyss of it all, in wonder at eternity and depth, and a Love, which is incomprehensible to the mind."
— Richard Rohr

"The point is not that Jesus was a good guy who accepted everybody, and thus we should do the same (though that would be good). Rather, his teachings and behavior reflect an alternative social vision. Jesus was not talking about how to be good and how to behave within the framework of a domination system. He was a critic of the domination system itself."
— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith
by Marcus J. Borg

How to have faith—or even think about God—without having to stifle modern rational thought is one of the most vital challenges facing many of us today. Marcus J. Borg, author of the bestselling *Meeting Jesus Again for the First Time*, traces his personal spiritual journey to the discovery of an authentic yet fully contemporary understanding of God. In a compelling, readable way, he leads us from the distant, authoritarian God of our childhood to an equally powerful, dynamic adult image of God—"the beyond in our midst," the life spirit that is within us and all around us—that reconciles faith with science, history, critical thinking, and religious pluralism.

https://www.goodreads.com/book/show/76773.The_God_We_Never_Knew

"To the great astonishment of learned despisers of religion everywhere, who have been predicting the death of God from the middle of the nineteenth century right up to Y2K, religion in all of its manifold varieties has returned. Even to say that is misleading, since religion was reported missing mostly by the intellectuals; no one outside the academy thought that it had gone anywhere at all. Religion has returned even among avant-garde intellectuals who have given it a new legitimacy by discrediting its discreditors, suspecting its suspectors, doubting its doubters, unmasking its unmaskers."
— John D. Caputo, On Religion

"Orthodoxy as right belief will cost us little; indeed, it will allow us to sit back with our Pharisaic doctrines, guarding the 'truth' with the purity of our interpretations. But orthodoxy, as believing in the right way, as bringing love to the world around us and within us … that will cost us everything. For to live by that sword, as we all know, is to die by it."
— Peter Rollins, How (Not) to Speak of God: Marks of the Emerging Church

"Who am I? I am one who finds his life a question, whose life is always being put in question, which is what gives life its salt. We seek but do not find, not quite, not if we are honest, which does not discourage the religious heart but drives it on and heightens the passion, for this is one more encounter with the impossible. We may and we must have our opinions on the subject; we must finally reach a judgment and take a stand about life, but my advice is to attach a coefficient of uncertainty to what we say, for even after we have taken a stand, we still do not know who we are."
— John D. Caputo, On Religion

Anatheism: Returning to God After God
by Richard Kearney

Has the passing of the old God paved the way for a new kind of religious project, a more responsible way to seek, sound, and love the things we call divine? Has the suspension of dogmatic certainties and presumptions opened a space in which we can encounter religious wonder anew? Situated at the split between theism and atheism, we now have the opportunity to respond in deeper, freer ways to things we cannot fathom or prove.

Distinguished philosopher Richard Kearney calls this condition *ana-theos*, or God after God-a moment of creative "not knowing" that signifies a break with former sureties and invites us to forge new meanings from the most ancient of wisdoms. Anatheism refers to an inaugural event that lies at the heart of every great religion, a wager between hospitality and hostility to the stranger, the other--the sense of something "more." By analyzing the roots of our own anatheistic moment, Kearney shows not only how a return to God is possible for those who seek it but also how a more liberating faith can be born.

Kearney begins by locating a turn toward sacred secularity in contemporary philosophy, focusing on Maurice Merleau-Ponty and Paul Ricoeur. He then marks "epiphanies" in the modernist masterpieces of James Joyce, Marcel Proust, and Virginia Woolf. Kearney concludes with a discussion of the role of theism and atheism in conflict and peace, confronting the distinction between sacramental and sacrificial belief or the God who gives life and the God who takes it away. Accepting that

we can never be sure about God, he argues, is the only way to rediscover a hidden holiness in life and to reclaim an everyday divinity.

https://www.goodreads.com/book/show/7253117-anatheism

Die verlange na God in eietydse taal verwoord

Wilhelm Jordaan

As ek die lewensvreemdheid van abstrakte kerkspraak hoor en lees, dink ek onwillekeurig aan die filosoof Johan Degenaar (1926-2015) wat baie krities was oor die kerk, meer bepaald die NG Kerk se versuim om op nuwe maniere oor die godsdienstige lewe te dink, te praat en te skryf.

Op ’n keer het hy gesê: “Ons moet besef dat as ’n kerklike diskoers mense viktimiseer dan is daar ’n behoefte aan ’n nuwe diskoers en is dit ons verantwoordelikheid om ’n vrymakende taal te skep wat die wêreld waarin ons woon op ’n nuwe manier struktureer.”

Die gangbare betekenis van “viktimiseer” is dié van teistering en onbillike behandeling. Die verhaal van die kerk is inderdaad een van teistering en onbillike behandeling van mense wat nie die kerklike besluite, belydenisse, diktate en voorskrifte “nagekom” het nie. ’n Enkele sprekende voorbeeld is die viktimisering van gay lidmate en predikante wat plek-plek nog voortduur ondanks tekens van “nuwe” amptelike denke en taal daaroor.

Degenaar se manier van kyk na kerklike denke en taal is van besondere betekenis, byvoorbeeld in die geval van die Pinkstermisterie. Dit verwys na ’n gebeurtenis eeue gelede toe die Heilige Gees uitgestort is; ’n dag van rukwinde met vuurtonge wat op mense se koppe dans, en vreemde tale wat soos fonteine uit hul monde borrel. En almal het dit verstaan, want dit was die taal van die hart in ’n premoderne wêreld.

Tog jammer dit gebeur nie meer nie, nè? Want watter skouspel sou dit nie wees nie! Met ’n kleinkind wat langs jou sit en in die taal van die tyd sê: “Awesome, Oupa, awesome.”

Op sy unieke manier was Degenaar gevoelig vir misterie. Tydens ’n lesing by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn het hy gesê: “Taal kan alles herskep en nuwe wêrelde oopmaak.” Ter illustrasie lees hy ’n gedig deur Annette Snyman:

“Gee my net één dag soos toenterjare, / ’n dag vol soetwyn in Jerusalem, / g’n drome droom – gesigte sien – / ’n dag wat van wind en vlamme sing! / Maak van my so ’n nuwe Pinksterling / dat ek die taal waarin ek gebore is, / my eie klank, in elke geelvink en kanarie hoor; / by tortels en die kokkewiet se kind / die ABC van duisend warm woorde vind!”

Die digter wens vir ’n vrymakende taal en die terugkerende bekoring van ’n verbygegane tyd. Maar nou in ’n ander gietstuk – uit ’n Afrika-bodem in ’n eie Afrikaanse klank wat borrel in die alfabet van ’n nuwe spreekwyse oor die mens se eeue oue verlange om iets van God te begryp en ’n goddelike teenwoordigheid te ervaar.

Haar gedig sê ook die oorspronklike inspirasie het nie verdwyn nie. Dit staan in die teken van nuwe moontlikhede wat nóú kom uit die nágloed van tóé; dat die uitgestorte geloofsenergie van eeue gelede onvernietigbaar voortduur.

En dít gee jou ’n eie klank en laat jou van binne gloei soos ’n klein kooltjie in ’n kaggel. Sodat jy weer vuur kan word en vlam kan wees . . .

** Jordaan is ’n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-verlange-na-god-in-eietydse-taal-verwoord-20210223

Brood vir die pad

Digitaal verbind, maar dit beteken nie intimiteit nie

RRV

Gedurende een van die laaste kere wat ons internasionaal kon reis en ons op ’n Duitse lughawe vir ons vlug gewag het, het ’n vrou met ’n hond ons genader. My eerste gedagte was dat die hond moes uitsnuffel of daar nie iets onwettigs in ons handbagasie is nie. Daarom my verbasing toe sy my vra of ek die hond wil streel. Dit was deel van ’n diens wat die lughawe lewer om mense se spanning en angs te verminder. Want, is ons meegedeel, lughawens is vir baie mense stresvolle plekke, en die aanraking van diere het ’n positiewe effek op hul gemoedstoestand. En dit was inderdaad nogal opvallend hoe die kontak met die hond mense opgebeur het, ons inkluis.

Ons lughawe-ervaring bevestig die belewenis deur die eeue heen dat aanraking ’n heilsame en helende uitwerking het. Die feit dat die pandemie tans die fisieke kontak met ander strem en gevaarlik maak, kan ons opnuut bewus maak van hoe wesenlik aanraking vir ons welstand is. Dit is ook so dat digitale tegnologie – ondanks al die wonderlike voordele daarvan – ons eintlik van ander kan isoleer op ’n wyse wat eensaamheid versterk. Soos Richard Kearney in sy nuwe boek, Touch: Recovering Our Most Vital Sense, skryf: “Technology overcom-es distance, but it does not always bring nearness.” Om in konstante verbinding te wees, beteken nie noodwendig verbondenheid en intimiteit nie. Heelwat ontleders verwys dan ook dat ons samelewing deur ’n aanraking-honger gekenmerk word.

In sy nadenke oor aanraking verwys Kearney ook na Aristoteles se bespreking van dié sintuig in sy De Anima (“Oor die siel”). Wat Aristoteles op dui, is dat die tas-sintuig van ander sintuie onderskei kan word, omdat aanraking ook terselfdertyd inhou dat ons aangeraak word. Ons kan iemand sien of hoor, sonder dat hulle ons sien of hoor. Maar wanneer ons iets of iemand aanraak, voel ons self ook iets op ons vel. Hierdie dubbele sensasie verleen aan aanraking ’n gevoel van wederkerigheid en nabyheid.

Dit is natuurlik ook so dat nie alle aanraking plesier of genesing bring nie. Soms hou dit verband met misbruik en geweld, wat wonde en letsels laat. Die weerloosheid van vlees en vel maak dat ons dus ook moet vra en praat oor die wyse waarop ons aanraak en aangeraak word.

Wat my destyds op die Duitse lughawe opgeval het, is nie net dat mense se liggaamshouding en gesigsuitdrukking verander het wanneer hulle die hond aangeraak het nie, maar ook hóé hulle dit gedoen het. Die woord wat by my opkom om dit te beskryf, is teerheid.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-digitaal-verbind-maar-dit-beteken-nie-intimiteit-nie-20210220

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877